*Woensdag* **24 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-22**
**Fokusgedeelte: Jesaja 60:1; Johannes 8:12 (AFR83/2020)**

**Die Here as lig vir die wêreld**

Die Here is ons lig in hierdie donker wêreld. Sy teenwoordigheid in ons lewens laat ons sy lig ervaar. Wie die Here volg, sal nooit in die duisternis lewe nie.

In Jesaja 60 lees ons van herstel vir die volk. Die Here woon weer in Jerusalem tussen sy mense, nadat hulle teruggekeer het uit ballingskap. In hierdie gedeelte word verandering in die volk se lot deur die Here beskryf. Daar is weer voorspoed vir die volk en die stad, want die Here is met hulle, Hy is goed teenoor hulle en hulle herbou weer die stad.

Daarom die treffende woorde van die eerste drie verse oor hoe God se teenwoordigheid soos ’n lig skyn in die stad. Lig simboliseer die verlossing en vreugde wat die Here vir sy volk gee, ná al die donker wat hulle in ballingskap onder ander volke ervaar het. Vir al die ander nasies is dit donker, maar in Jerusalem, vir die gelowiges, skyn daar ’n lig – ’n lig wat ander nader trek.

Hierdie tyd van die jaar herdenk ons ook die Here se lig in die donker wêreld, want ons herdenk Jesus Christus se geboorte – *“In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie”* (Joh. 1:4-5). Christus beskryf Homself ook as die lig vir hierdie wêreld in Johannes 8 en 9: *Ek is die lig vir die wêreld, Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.*

Net nadat die Here blindes genees het, maak Hy hierdie openbaring oor Homself. Met hierdie uitspraak identifiseer Hy Homself as God – as die Een wat lig bring, wat die goeie bring, die verlossing bring vir die wat in Hom glo. Mag ons in hierdie tyd die Here as die lig vir die wêreld vier, en mag ons sy lig (boodskap) verkondig.

*Sing: Psalm 89-1:1, 6*
*Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)*